OPENINGSREDE

A J BASSON, President, Suid-Afrikaanse Landbou-unie

Meneer die Voorsitter, Dames en Here

Ek wil u bedank vir die besondere eer my aangedoen om u kongres te kan open in die plek van Sy Edele die Minister van Landbou. Dit was ook reg, want dit was seker dat ek ná 24 April nog President van die SALU sal wees, maar dit was nie seker of mnr Schoeman nog Minister van Landbou of enige ministerskap sal beklee nie, aannemend dat hy sy setel behou. Ons hoop egter dat ons hom behou. 'n Verkiesing in 'n demokratiese land met 'n sterk meerderheidsparty kan soos massaproduksie in die vervaardigingsbedryf wees, sodat kwaliteit of deurlopende standaarde ingeboet word. Dit was seker al ons ondervinding in die verlede en ek hoop dit sal nie meer wees nou en in die toekoms nie, want Suid-Afrika kan en moet nou net deur die beste breinkrag regeer word.

Elkeen van ons – watter bedryf of beroep ons beoefen – sal onsself nie kan losmaak van 'n besoedelingsproses ten opsigte van die moraliteit van die indiwidu in die Westerse demokrasie nie. Dit het sulke afmetings aangeneem dat die Staatshoof van die sterkste enkeling in die Westerse groep deur sy onderdane vervolg staan te word. Anders is ook die onderneming van die ondernemer in ons stelsel van private inisiatief gedoem. Dit is dan seker ook reg dat 'n landbouer deur u genooi word vir hierdie funksie, want u bedryf is sover ek weet die enigste bedryf wat algeheel vir u voortbestaan en welvaart van een bedryf afhanklik is – behalwe vir 'n bietjie vir blomtuine en grasperke. Daarom is die welvaart van landbou u welvaart. Maar wat belangriker is – en ek weet nie of u dit aldag ten volle besef nie – is die magtige invloed wat u kan, sal en moet uitoefen op die landbou van Suid-Afrika. Afhangende van die tipe boerdery, bly arbeid en bemesting die twee belangrikste enkele faktore in landbou (grond natuurlik uitgesluit).

Dan sal ons almal moet toesien dat landbou in sy regte perspektief gesien word. Ek het nie vandag die tyd om volledig daarop in te gaan nie, maar as landbou in 1972 meer dan 40 persent van ons uitvoer (goud uitgesluit) uitgemaak het – dus die grootste enkele verdiener van buitelandse valuta met die laagste buitelandse inset – dan sê ek nog dit bly 'n slagaar.

Daarom was dit vir my skokkend om die oggend van 18 April in die enigste koerant wat ek op die lughawe kon kry, die sieklike sensasieberig in groot swart letters te sien – 'R638,30 miljoen vir Rekord Mielie-oes – Reusagtige Wins Wag op Boere'. Mielieboere sou die kolossale bedrag van R638,30 miljoen losslaan vir 'n beraamde rekordoes van 130 miljoen sak. As dit verkiesingsnuus was het dit jammerlik misluk, want beide produsent en verbruiker-kieser is mislei.

Dit is ook die bedryf waarop u grootliks u navorsing toespits omdat dit die belangrikste akkerbougewas in Suid-Afrika is. Die bedrag van R638,30 miljoen is bereken op die veronderstelling dat alles die hoogste graad sal wees en dat die boer alles kan bemark. Kan enige verantwoordelike instansie soiets die wêreld instuur? Maar kom ons kyk na die groot wins.

Die mieliebedryf is nog redelik intensief, veral ten opsigte van oes, en sal vanjaar nog meer so wees. Lone, veral van nie-blankes, is die laaste jaar met enigiets tot 100 persent verhoog waarmee landbou sal moet tred hou. Van 'n 2 239 000 ekonomies bedrywige deel van die bevolking in landbou, sal seker 260 000 in die mieliebedryf betrokke wees. Kyk wat behels dit.

Implemente, onderdele en dienste het in 1972/73 met 12,8 indekspunte (*ca* 11 persent) gestyg, korttermynbenodigdhede 10,9 punte (*ca* 10 persent) wat reeds meer is as die 10 persent verhoging. Wat was die gemiddelde oesopbrengs oor die laaste vyf jaar met net twee goeie jare? Kortom, hierdie prys maak myns insiens nog nie die boer mededingend met meeste ander sektore waar geweldige winsstygings plaasgevind het nie. Maar ek wou u net wys op 'n skreeuend misleidende beeld.

Die pers en radio is 'n absolute onmisbare faktor in die moderne wêreld; ook die landbou is baie dank aan hul verskuldig, maar ek wil 'n ernstige beroep doen dat deur die regte beeld op te hang dit net tot almal se beswil is en ons nie enigiets anders kan bekostig nie.

Nou is dit egter vir my aangenaam om u Vereniging geluk te wens met die besondere prestasie dat van alle landbou-benodigdhede u produk in die tydperk 1958/59 tot 1972/73 die kleinste prysstyging getoon het. Wat die bydrae van prysbeheer was kan ek nie sê nie. Miskien was dit die nodige aanmoediging tot rasionalisasie van die bedryf.

Deur minder vervaardigingseenhede en groter omset het u 'n groot diens aan landbou en so ook aan die land bewys. Ek het die voorreg gehad om in my lewe die hele kunsmisbedryf te sien ontstaan en groei tot hier toe. Met die eerste wateroplosbare fosfaatvervaardiging te Somerset-Wes in 1921 wat as 17 en 19 persent P_2O_5 in die mark was onthou ek hoe die boere vas geglo het dat die 17 persent beter is as die skraal 19 persent op die arm sandgronde. Dit het jare daarna geblyk dat dit die bietjie kalk in die grond is wat moes bykom om die 19 persent af te bring wat die reaksie verbeter het. Tien jaar later het die eerste mengsel, die Graad A, die deurbraak vir mengsels gemaak in my omgewing. Graad A het in 1935 vir my met my omgewing weer vertroue in boerdery gegee. Daardie tyd was ingevoerde fosfate aan die orde van die dag, en weer was dit dié wat enigsins effens basies was wat die beste resultate gegee het. Die klem het toe geval op organiese vorms van stikstof.

Dit is ook verbasend hoe die boere voor die tyd met hul

vindingrykheid die beste van die bietjie beskikbare kunsmis gemaak het. So is in-korrel, dws die vermenging van klam kunsmis met die koringsaad toegepas. Die lagie kunsmis om die saad het die plant 'n geweldige stoot gegee in veral sy vroeë stadium op arm gronde.

Drie faktore wat veral 'n geweldige stoot aan kunsmistoediening gegee het was eerstens die kleiner en digter houer, dws eers papier, wat eers gladnie vir die boere aanvaarbaar was nie omdat dit iets anders was; daarna plastieksakke, wat alreeds weer in die gedrang is. Tweedens korrelkunsmis, omdat toediening skoon was vir mens en masjien teenoor die ou poeier, maar veral die moontlike meer eweredige toediening. Derdens die dubbelfosfaat en veral geamonifiseerde fosfaat. Afgesien van al die besparings aan arbeid, vervoer, ens, was dit prakties moontlik om onder druk saai- en planttoestande meer fosfaat toe te dien. Toe ek meer as 55 jaar terug in die skool gekom het, was dit vir my as boereseuntjie die een onmisbare indruk wat dit op my gemaak het dat Suid-Afrika se gronde baie arm aan fosfaat is en dat ons nooit kan droom om die produksie van ander lande te ewenaar nie. Verder dat ons nooit in Suid-Afrika die eie grondstof-fosfaat sal hê nie.

Vandag kyk ek terug na die uitwissing van daardie beeld wat in my vasgelê is. Danksy die ontwikkeling van die wetenskap, die druk van omstandighede en die visie van u bedryf en veral sekere mense in u bedryf wat spesiale bydraes gemaak het in die laaste ongeveer ses dekades.

U het nie net uself en u bedryf losgemaak van 'n koloniale invoerkompleks nie; afgesien daarvan dat u feitlik selfvoorsienend is in 'n geweldige groeiende mark, het u u ekonomies kompeterende bedryf omskep in 'n bedryf wat die wêreldmark lonend kan voorsien. Saam met die ondernemingsgees van mense in die bedryf loop dit soos 'n goue draad deur dat die beskikbaarkoming van neweprodukte meestal uit die ontginning van energiebronne die grootste enkele stimulant vir groei en ontwikkeling van die bedryf was. Alhoewel hier miskien oor-konserwatisme was is u bedryf seker een van die beste voorbeelde van 'n bedryf gebore uit en gefundeer in eie bodem, uitsluitlik vir eie behoeftes en veral ten behoewe van die belangrikste bedryf, nl die landbou in Suid-Afrika.

Met hierdie beeld van u bedryf wil ek dan verwys na waar ek in die begin gesê het dat Suid-Afrika net deur die beste breinkrag regeer moet word. Suid-Afrika was nog altyd geseënd met een en almal van die beste Eerste Ministers in die wêreld. Maar ek is nie seker dat ons genoeg visie aan die dag gelê het ten opsigte van ons algemene ontwikkeling nie, gesien veral in die lig van ons politiese en strategiese opset en ligging.

As binne 'n paar maande landboukundig geruïneerde klein landjies die wêreld kan dikteer, en as dan dieselfde olieprodusrende lande wat tot nou toe min aan hul eie heil kon doen, vanjaar R40 000 miljoen surplus kontant sal hê — Saoedie-Arabië alleen sal R14 000 miljoen hiervan hê — wie kan die koers van hierdie magsewewig in die hande van onvoorspelbare mense bepaal? Kan ons dan nog kleinburgerlike politiek duld?

Suid-Afrika met sy geweldige natuurlike hulpbronne, edele en onedele metale, ens, sal nogtans sy nywerheidsgrondstowwe, sy magdom van energiebronne en sy onbenutte en onontginde groot reserwes van mensemateriaal moet ontgin en baie gou ook. Kan ons verder bekostig om fantastiese winste in private hande te plaas, direkteure en aandeelhouers in staat te stel om meer motors, duurder huise, meer luukse en daardeur meer inflasie te veroorsaak in plaas daarvan om dit alles produktief terug te ploeg om bogenoemde hulpbronne te ontgin. Dit is nodig dat ons militêr sterk en weerbaar sal wees, maar as ons nie ekonomies en daardeur produktief weerbaar is nie, sal u nie u voortbestaan kan regverdig nie. Trek ons genoeg kapitaal na ons eie ekonomie, maar veral na die meerwordende tuislande? Is oormatige konserwatisme en soms vrees en staatsomslagtigheid nie die oorsaak dat ons nie vinnig genoeg alle beskikbare mannekrag oplei en toerus om kapitaal te kan benut en produktiwiteit te verhoog nie? Rasionaliseer ons ons hulpbronne hiermee, dan kan ons die Westerse beskawing in Suid-Afrika beveilig. Hiervoor het ons onverskrokke staatmanskap en beleidsbeplanning van die beste op die hoogste vlak nodig.

Ek sien onlangs daar is nog 'n kommissie besig om die moontlikheid te ondersoek om steenkool na Richardsbaai per pyplyn te pomp. Helaas het die eenvoudige Arabiere ons nie wakker geskud nie. Kan ons in die huidige of enige tydsbedeling bekostig om enige vorm van onverwerkte energie ons grense te laat uitgaan? Kan ons hoegenaamd verder bekostig om enige rou grondstowwe onverwerk die land te laat uitgaan, ons rykdomme te verkoop en met miljoene armes te sit wat die wêreld juis aangryp om self ons rykdomme te bekom? Laat ons besin. Laat die voorbeeld van u bedryf die argiteksmodel van die groot gebou wees.

Aan die begin het ek verwys na die magtige invloed wat u kan en sal moet uitoefen in die landbou. Met u tema, 'Gras vir rooivleisprodukte', en waar u 'n deskundige op dié gebied bekom het, en ek nie op sy terrein wil oortree en kompeteer nie, is daar tog sekere aspekte wat ek nie kan miskyk nie.

Dit is goed dat 'n mens vir die doel van studie sekere aspekte uitlig, maar ons was in die verlede geneig om te veel met 'n *ad hoc* situasie op loop te sit sonder om die breë balans te behou en dan juis daardeur ander knelpunte te skep. Laat ons dus altyd na die onderdeel kyk in die raamwerk van die geheel. Reënval is 'n beperkende faktor in Suid-Afrika en ten spyte daarvan dat sommige mense by die Skepper wil oorneem, dink ek hoe gouer ons berus en liewers ons boerderymetodes by die natuur aanpas, hoe beter. Grond is ook beperk en die reënval bepaal in 'n hoë mate die benutting daarvan.

Waar in 1965 maar 87 795 000 hektaar grond beskikbaar was, waarvan 11 726 000 hektaar bewerkte en aangeplante weidings was en waar 2 300 000 stedelike gebiede was, sal in die toekoms van hierdie grond aan stadsontwikkeling af-

gestaan moet word as in aanmerking geneem word dat verwag word dat in die volgende 25 jaar net soveel of meer huise gebou sal moet word as oor die vorige 300 jaar — gelykstaande aan 32 stede van Johannesburg se grootte — afgesien van 'n verdere moontlike 2 000 000 hektaar of meer. Dan is daar nog nie voorsiening gemaak vir paaie, spoorlyne en die nodige reservate nie. Ongelukkig het ingenieurs geen respek vir landbougrond nie. Wat is dan die eise aan landbou om die addisionele bevolking te voed, met minder grond? Daar bly net enkele weë oor, oa meer water, wat reeds beperk is, of, beter bewerking en bemesting. Hier wil ek die stelling maak dat bemesting die grootste enkele faktor sal wees wat dit moontlik moet maak om in bogenoemde te voorsien.

Wat akkerbou betref het ons groot vordering gemaak, maar ons sal ons produksie hier nog moet verdriedubbel met veral wetenskaplike bemesting. Suid-Afrika is myns insiens nog 'n agterlike land ten opsigte van weidingsbemesting. Kan 'n land soos Suid-Afrika bekostig om R80 — R120 miljoen aan subsidie te betaal as 'n prys vir die onoordeelkundige vernietiging van ons bodem? Kan ons bekostig om vir jare lank 'n groot deel van die beste brein- en mannekrag besig te hou met hierdie administrasie en soms polisiediens?

Plantereste is die beskermer en verryker van die bodem. Daarom is dit vir my byna belaglik dat ons 'n wet het wat die brand van berg-opvanggebiede verbied. Maar die res van Suid-Afrika kan verbrand word en dit word selfs soms aanbeveel. Ek beweer genoemde berge in Suid-Afrika kan uiters 3,7 persent van ons totale bodemoppervlakte wees — hoekom word slegs hulle gesien as opvanggebiede? Is dit net omdat die skepping van die natuur verhoed het dat menshande hulle in dieselfde mate kan ontbos en ruïneer as die gelyktes? Nee, dames en here, as u met die bodem lewe en hom ken dan is elke vierkante duim van Suid-Afrika 'n opvanggebied; daarom moet alle plantereste wetlik beskerm word.

Ten einde dit te bereik sal ons ons velde moet bemes, en die regte plantebedekking wetenskaplik bewerkstellig.

Nieu-Seeland bly vir my, van wat ek in die wêreld gesien het, die beste voorbeeld van gras- en weidingbenutting. Ek weet die reënval daar is oor die algemeen hoog; nogtans kan ons baie leer. Nieu-Seeland se ekonomie is uitsluitlik op landbou begaseer — in 1966 het 90 persent van sy buitelandse verdienste gekom van weidingsprodukte (pastured products). Maar wat belangrik is, is dat alles bemes word — sy bemesting word oorwegend vandag per vliegtuig toegedien. Arbeid is duur. Daarom het hulle sekere basiese uitgangspunte, bv stikstof is te duur vir weidingsbemesting; kalk, fosfaat en potas met genoeg klawerpeulplante in die weiding word dus gebruik om die stikstof uit die lug te haal. Dis goedkoper om die weiding te voed as die koei of die skaap (arbeid).

Daar word nie gepraat van opbrengs per vee-eenheid nie, maar van opbrengs per akker (grondeenheid). Dit word weer opgestoot deur hoër bemesting wat laer eenheidskoste beteken. Die terme grootvee- en kleinvee-eenheidsopgrengs wat ons gebruik het geen betekenis nie, want dis die eenheid op 'n morg of vyf morge, opbrengs per grondeenheid, wat wetenskaplike inhoud en betekenis het. Deur weidingsbeheer veral word die grasverhouding gereguleer. Hiermee kan Nieu-Seeland met sy landbouprodukte kompeterend op enige mark meeding.

Bemesting is en sal die sleutel bly tot landbou se voortbestaan en ontwikkeling.

In hierdie maand was daar twee insiggewende berigte: Britse geleerdes weef nou kunsmatige vleis gemaak van die veldboontjie; drie professore aan die Universiteit van Illinois wil 'n nuwe sojaboontjiemelk ontwikkel. Feit bly of dit deur die dier kom of nie, plantegroei bly nog die fondament van dit alles en dus sal bemesting nog die belangrike faktor bly.

Maar u het 'n wetenskaplike en ekonomiese bydrae gelewer tot die uitbouing van die bedryf. Dit is van die uiterste belang waar u organisasie oorwegend self die produk aan die verbruiker tuisbring, dat u ook hier baie verantwoordelik optree. Ek is bekommerd dat met die huidige verkooptegnieke boere geweldig groot bedrae spandeer op mengsels of sekere dele van mengsels wat nie benut word nie of dat die duurder kunsmis verkoop word instede van die mees ekonomiese.

Verder is dit nodig dat die nouste samewerking tussen die vervaardigers, die Departement van Landbou-tegniese Dienste en die boer behoue bly. Die Departement sal altyd 'n beherende faktor moet bly, en te meer ook sy objektiewe voorligting. Die boer moet absoluut reg voorgelig en ingelig word. Die produsent deur sy koöperasie moet vandag oorwegend die verspreidingswerk doen en veral die verantwoordelikheid van finansiering aanvaar. Dis seker reg dat die koöperasie nie net gebruik word vir die uitskotrekenings nie, dis ook reg dat die boer gehelp word om deur middel van sy kunsmis sy optimale produksie te behaal.

Hiermee wil ek u dan graag gelukwens met wat u reeds bereik het, en vertrou dat u met rasionalisasie sonder om monopolisties te word, tot nog groter hoogtes sal uitstyg; dat u aan Suid-Afrika verder 'n diens sal bewys deur onselfsugtig u bydrae te lewer om landbou verder uit te bou; om nie alleen u plek as die voorsiener van grondstowwe en voedsel aan 'n groeiende bevolking en ekonomie te voorsien nie, maar om landbou in staat te stel om sy regmatige plek in die markte van die wêreld in te neem.

As 'n nederige kliënt van u gee dit my dan groot genoeë om u kongres ope te verklaar en u sukses in die verrigtinge toe te wens.